UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK VI.

DIE GOUDVELDE TE PELGRIMSRUST 1879 TOT 1881.

Die man wat nadat Scoble, die goudkommissaris van 1877, te Middelburg, Transvaal, as landdros aangestel was, die leiding op die delwerye moes neem was Gunn.

Gunn is in April 1877 as waarnemende Goudkommissaris aangestel op die goudvelde.[1] Daar word egter nie iemand anders as Goudkommissaris in Gunn se plek aangestel nie en hy behou die pos van Goudkommissaris tot sy dood, toe Glinister oorgeneem het.[2]

Gedurende Gunn se ampstyd as Goudkommissaris het daar nie juis groot probleme opgeduik nie, maar die delwerye het stadigaan agteruitgegaan.

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat Shepstone nie baie gewild was onder die delwers nie, omdat hulle net vir hulleself wou sorg, sonder om ag te slaan op die belange van die Staat. Toe Shepstone hulle gewys het op die onmoontlikheid om 'n spoorlyn van Delagoabaai na Pelgrimsrust te bou het hulle so opstandig geword dat Shepstone in die nag van die delwerye moes vertrek.[3] Hulle moes 'n spoorlyn hê en hulle wou dit kry, al was dit onmoontlik.

Nie net vir Shepstone het hulle, hulle ware kleur gewys nie, maar ook vir Sekoekoeni. Hierdie kafferhoof wat in 1876 die vriend van die delwers wou bly, kom in 1879 in opstand teen die Britse vlag en die delwers moes ook hierdie keer saam met die Boere deurloop onder sy strooptogte.[4]

..Die /.....104.

1) R 1517/77.

2) R 3022/79.

3) Sien voetnoot 32 van Hoofstuk V.

4) R 1170/79.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die delwers het geweet dat Sekoekoeni nie meer hulle vriend, soos in 1876, was nie en baie vrouens en kinders het vir veiligheid maar na Lydenburg verskuiwe.[5]

Die delwers het 'n „Defence Corps" in die lewe geroep en die polisie gevra om 'n mag teen Sekoekoeni op die been te bring. Geen blankes wou hulle egter laat registreer nie en Barter, die hoof van polisie, moes maar tevrede wees met 450 naturelle om teen Sekoekoeni te velde te trek.[6]

Die delwers op die goudvelde het hulle egter voorberei op 'n moontlike aanval en ons lees in die Volksten as volg: „Two Defence Corps were formed, one for the town and one for the Middle Creek. The Captain of the town corps and the Gold Commissioner decided to put on night guards..... and cost the Government £24 a week."[7]

Hierdie opstand van Sekoekoeni het egter nie baie lank geduur nie en die Engelse het daarin geslaag om 'n einde aan die onluste te bring teen die end van 1879. Op 2 Desember berig die „Volkstem" dat Sekoekoeni hom oorgegee het aan die Britse Regering en dat daar weer rus en vrede in Sekoekoeniland is.[8]

In die Transvaal was daar nog nie rus en vrede nie, want die Boere het nog, by monde van die „Driemanskap", gepoog om die Britse Regering in Brittanje oor te haal om die onafhanklikheid van die Transvaal weer te erken.[9] Die delwers, te Pelgrimsrust, het hulle nie veel uitgelaat oor die moontlikheid dat die Transvaal weer die Z.A.R. sou word nie. Al man wat hom baie duidelik hieroor uitspreek is C.K. White die Volksraadslid van die delwers (C.K. White is deur Shepstone in 1877 in die plek van Herbert Rhodes aangestel).[10]

Hierdie selfde C.K. White het voor die Sekoekoeni-

..oorlog /.....105.

---

5) R 1505/79

6) R 4013/79

7) Volkstem, 12 September 1879

8) Volkstem, 2 Desember 1879

9) Dr. S.P. Engelbrecht, Thomas François Burgers, p 362-363

10) R 4995/80

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorlog (1876) die Z.A.R. gewaarsku teen Rhodes en Armstrong maar sin persone het so 'n gedaante verwisseling ondergaan. Waar hy in 1876 voorgegee het dat hy 'n ondersteuner van die Z.A.R. was, het hy in Nov. 1879, te Pretoria, 'n vergadering toegespreek waar hy weer 'n ondersteuner van die Britse bestuur was. Hy laat hom as volg uit: „I have been long enough here to feel that the British Government is better for us all than the rule that existed before. And should you wish to return to that condition of affairs, look at the position we should then occupy. The position would be that anarchy would reign, that lawlessness would rule the land.... But if it is a matter of necessity, I think there are men to be found who will see it through."[11)]

Die delwers het nie alles wat White gesê het, beaam nie want die 9de Desember 1879 kry ons die volgende kommentaar oor White se toespraak: „Wy weten een weinig van dezen heer White. Menschen die op de Goudvelden hebben gewoond kennen hem een weinig.

Wanneer hy spreekt en een hond blaft, haalt White oogenblikkelyk zyn hens op, laat zyn staart hangen, steekt zyn handen in zyn broekzaken en loopt heen met de houding van een verongelykt iemand."[12)]

Tog sou ons verwag dat sommige van die delwers teen die Boere sou geveg het met die oorlog van 1880 - 1881. Ons kry egter geen naam van enige delwer aan die kant van die Engelse nie. By die slag van Bronkhorstspruit, was dit alleen soldate wat van Lydenburg na Pretoria geroep was, wat geveg

...het /.....106.

---

11) Volkstem, 21 November 1879.

12) Volkstem, 9 Desember 1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het en geen delwers nie.[13]

As ons die loop van gebeurtenisse op die goudvelde nagaan sal ons sien dat hierdie groep persone op die goudvelde net fortuinsoekers was en alleen na hulle eie voordeel gekyk het. Soos reeds genoem in vorige hoofstukke was hulle teen die Z.A.R. teen Shepstone, teen Sekoekoeni en teen hulle goudkommissarisse. Wanneer die een plek uitgewerk was het hulle verskuif na 'n volgende een en hulle was maar gedurig opsoek na goud.

Tot met die dood van Goudkommissaris Gunn op 8 Augustus 1879 was Pelgrimsrust nog 'n regte delwersdorpie. Gunn het die delwers verstaan omdat hyself 'n delwer was maar tog het die velde weens droogte agteruit gegaan en baie delwers het weggetrek. Van Gunn lees ons: „He has had the misfortune to see those Fields go back and deteriorate, through causes over which he had no control and the effects of which he could not prevent; but it is a remarkable fact, which speaks much of his ability and sagacity, that during all the time he was in office among such a mixed comminity and in spite of the general retroasion of the diggings, not a word of distnrbance or dissatisfaction so far as we remember was uttered against him by the diggers."[14]

Na Gunn, het Glinister goudkommissaris geword en gedurende sy dienstydperk sou Pelgrimsrust heelwat van sy inwoners verloor.

Op 28 Februarie 1880 het die delwers 'n kwartsrief bevattende goud op Rubus Rush naby Pelgrimsrust ontdek.[15] Hierdie kwartsrif kon alleen deur swaar masjienerie bewerk word en was dus nutteloos vir die delwers. Om dit te kon

..bewerk /.....107.

---

13) Lady Bellairs: The Transvaal War 1880 - 1881.

14) Volkstem, 22 Augustus 1879.

15) R 1011/80.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bewerk moes 'n maatskappy gevorm word, wat die nodige masjienerie kon bekostig. Die „Pilgrim's Rest Gold Fields Company", wat gevorm was en wat alreeds bestaan het op die delwerye kon dit nie doen nie. Hulle (genoemde maatskappy) het alreeds besluit om hulle eiendomme te verkoop. Die plase Ponieskrans, Driekop, Lodevine en Waterhoutboom[16] word dan ook later aan David Benjamin, wat die Transvaal Gold Mines Estates begin het, verkoop.[17]

Daar die meeste alluwiale goud nou uitgehaal was en die delwers nie die riwwe kon bewerk nie, het hulle maar ander spoelgoudvelde gesoek en daarheen verhuis.

Die eerste verskuiwing was vermoedelik na „Die Kaapvelde" wat voorheen deur McLachlan aan die Krokodilrivier ontdek is. (Soos aangehaal in Hoofstuk II). Hierdie streek was heeltemal in die malariastreek en Glinister het met sy besoeke aan die delwers, siek geword. Glinister moes vervang word en 'n sekere Palmer kry die pos van goudkommissaris in Mei 1880.[18]

In Julie 1880 kry Palmer te Pelgrimsrust 'n berig dat McLachlan in Swasieland goud ontdek het en dat die velde daar baie betalend is.[19] Die delwers wat ook die berig gekry het, het 'n vergadering byeengeroep en nadat hulle die saak goed bespreek het, het baie van hulle besluit om na Swasieland te trek.[20]

Die Staatsekretaris Hudson het baie belang gestel in hierdie nuwe ontdekking te Swasieland en alhoewel hy die delwers aanraai om nie in Swasieland te gaan delf nie, het hy Palmer gelas om die nuwe goudvelde te gaan ondersoek.[21]

..Palmer /.....108.

---

16) Volkstem, 7 Februarie 1880.

17) Sien bylaag B.

18) R 2607/80.

19) R 3084/80.

20) Ibid.

21) R 3257/80.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Palmer se verslag was dat die goudvelde te Swasieland nie te ryk is nie. Die fondse het gewissel maar tog het daar nou 'n verskuiwing van Pelgrimsrust na Swasieland (Baberton) plaasgevind en die delwers het van Pelgrimsrust nog meer daarheen getrek.[22]

Palmer se tuiste is nou nie meer permanent te Pelgrimsrust nie, maar hy moes nou van die een plek na die ander reis om sy pligte as goudkommissaris na te kom. Vir hierdie doel kry hy (Palmer) dan ook reistoelae van die regering.[23]

Palmer was nog goudkommissaris toe die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek het[24] maar na die vrede van 5 April 1881[25] het sake op Pelgrimsrust 'n heeltemal ander wending geneem.

Sir David Benjamin wat in Februarie 1880 die plase rondom Pelgrimsrust opgekoop het, het 'n mynmaatskappy gestig met Gardner Williams as die eerste mynbestuurder en Sir Abey Bailey as 'n vennoot in die maatskappy.[26] Publieke delwerye was nie meer toegelaat nie en dit was die begin van die teenswoordige myne van Pelgrimsrust.

Die verbod op publieke delwerye is op 27 Januarie 1883 bekragtig in 'n Uitvoerende Raadsbesluit wat as volg gepubliseer is:-

„Zoo maakt de Regering by dezen bekend en proclameert dat het duidelik door een ieder moet worden verstaan dat de plaatsen by de Proclamatie van 14 Mei 1873 bedoeld, sedert 11 November 1881 niet meer zyn en beschouwd kunnen worden te zyn publieke goudvelden en dat mitsdien een ieder

..wordt /.....109.

---

22) R 3343/80.

23) Ibid.

24) R 3887/80.

25) Eybers: Select constitutional documents illustrating South African History 1795 - 1910, p. 455.

26) Sien Bylaag B.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wordt gewaarschuwd zich met zonder verlof of vergunning van den eigenaar of concessionarissen op die grond te begeven, om daarop te prospecteeren of te delven, zullende zy by overtreding ten strengste volgens wet gestraft worden.[27]

In 1881 kom die publieke delwerye te Pelgrimsrust dus tot 'n einde en sou die goudvelde aldaar nie langer deur die Staat behartig word nie.

Met my besoek aan Pelgrimsrust gedurende Julie 1949 was sake nog dieselfde. Die myne te Pelgrimsrust word nog deur die „Transvaal Gold Mining Estates Limited" bestuur en geen private persone word toegelaat om daar te delf nie.

Die mynbestuurder is tans 'n sekere Mnr. J.H.A. Diering en volgens hom word daar vandag nog heelwat soliede stukkies goud uit die grond gehaal. Die myne werk wel op kwartsriwwe wat goudstof bevat, maar baie van hulle goud word ook nog as spoel- of alluwiale goud gekry.

---

27) De Locale Wetten der Z.A. Republiek 1849 - 1885, p. 1147.